

Maandag 26 November

Skrifgedeelte: Sagaria 13:1-6

Fokusgedeelte: Sagaria 13:1

Die Heilige Gees reinig u om teen sonde te getuig

Een van die temas wat in Sagaria voorkom, is die reiniging van die gemeenskap. Sa-garia tree op in dieselfde tyd as Haggai, ná die terugkeer uit ballingskap. In hoofstuk 3 word die reiniging van die hoëpriester Jesua beskryf. In hoofstuk 13 brei die reiniging uit na die koningshuis van Dawid en al die inwoners van Jerusalem. God reinig eers die leiers en dan die gemeenskap. Aan die einde van hoofstuk 12 is daar opregte berou en word ge-treur oor hulle sondes en oor die een wat hulle doodgesteek het. Dit kan na Christus ver-wys.

Wanneer mense opreg hulle sondes voor God bely en daaroor treur, kom daar 'n inner-like vernuwing wat nuwe lewe gee. Op grond van die kruisdood van Christus skenk die Here 'n fontein om almal te reinig van hulle sonde en vuilheid. Dit wys heen na die Heilige Gees wat van binne-uit vernuwe en mense van hulle sonde en van verlossing oortuig. Alle sonde word weggeneem.

Daar word twee voorbeelde genoem: Al die afgode sal verwyder word, en die valse profete sal ophou profeteer en skaam wees oor die sogenaamde gesigte wat hulle gesien het. Selfs so 'n profeet se ouers sal hom nie wil laat lewe nie. God bring 'n totale vernu-wing en gee nuwe lewe.

U is geroep om as koning en priester in die koninkryk van God te dien. Getuig daarom vanuit u verlossing teen alle sonde en leef gereinig en heilig saam met God.

Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2

Dr. SJ (Sarel) van der Merwe (Emeritus)